Publication: Rapport - Sake
Title: Gekrokte Kusile: Bouers eis R36 mjd.
AVE: 110507.44
Page: 1
Publish Date: 19 May 2019
Author: Antoinette Slabbert

Gekrokte Kusile: Bouers eis R36 mjd.

Kontrakteurseise vir vertragings, veranderings kan Eskom knak

Antoinette Slabbert

Kontrakteurs van Eskom se halfklaar Kusile-kragsentrale "met ontwerpfoute" eis R36 miljard van die kragverskaffer vir onder meer onvoorsiene uitgawes.

Dit, sê die ekonoom Mike Schüssler, kan Eskom se doodskoot beteken.

Kontrakteurseise is algemeen by groot konstruksieprojekte en hou meestal verband met onvoorsiene gebeure soos stakings en veranderings aan die werksomvang waarvoor daar nie in die aanvanklike kontrak voorsiening gemaak is nie.

Die omvang van die eise is in dié geval egter skokkend, sê Schüssler.

"Hoe gaan Eskom dit betaal?" vra hy.

Eskom het die afgelope week aan *Rapport* gesê Kusile se konstruksiekoste word nou op R161 miljard geraam en hulle het 80%-sekerheid oor die bedrag.

Eskom sê van die kontrakteurseise is na hul mening nie geldig nie, maar het nie gereageer op 'n vraag oor hoeveel van die eise by hul nuutste skatting ingereken is nie.

Schüssler sê al het net die helfte van die R36 miljard se eise meriete, is dit steeds 'n geweldige slag. Dit is omtrent gelykstaande aan die totale bedrag wat die bou van Gauteng se tolpaaie gekos het, sê hy.

Die aanvanklike bedrae vir Kusile was so laag soos R69 miljard in 2006.

Die aanvanklike bedrae vir Kusile was so laag soos R69 miljard in 2006. Dit het elke paar jaar verder die hoogte ingeskiet.

In 2014 het Eskom die kontrakteurseise op R5 miljard geskat, wat dus in net vyf jaar tot R36 miljard gestyg het.

'n Maatskappybaas wie se maatskappy 'n kontrakteurseis van meer as R100 miljoen by Eskom ingedien het vir werk aan Kusile, sê uit hul wisselwerking met Eskom blyk dit die kragreus glo nie hulle sal hoef te hoes nie.

"Ons reken weer ons het 'n baie sterk saak," sê hy.

Hy het aan *Rapport* gesê hy twyfel ook of Eskom se R161 miljard-kosteberaming voldoende voorsiening maak vir die eise.

'n Ander konstruksiebaas sê 'n groot deel van die kontrakteurseise spruit waarskynlik uit die vertragings by Kusile - veral die afgelope drie tot vier jaar. "Tyd is geld," sê hy.

Kusile was veronderstel om teen 2014 voltooi te wees, maar tans is nog net een eenheid kommersieel in bedryf.

Eskom het aangedui dat 89% van die konstruksiewerk reeds voltooi is, maar ook laat blyk dat ernstige ontwerpfoute die werking van die kragsentrale kortwiek.

Die konstruksiebaas sê daar was voortdurende veranderings in die ontwerp van Kusile en die verskillende kontrakteurs se werk is nie behoorlik gekoördineer nie. Dit het tot gevolg gehad dat werk dikwels stilgestaan het terwyl die betrokke kontrakteur wag vir toegang tot die presiese deel van die kragsentrale waar hy moes werk.

Dié koste is buite hul beheer en hulle eis dit van Eskom.

Hy sê kontrakteurs skiet dikwels hoog met hul eise, maar 'n mens sou verwag dat ruweg 60% daarvan wel uiteindelik uitbetaal word.

Die boukontrakte maak voorsiening vir arbitrasie, maar partye wat ontevrede is met die arbiter se beslissing, kan dit in die hof laat hersien.

Die genoteerde konstruksiegroep Stefanutti Stocks het vroeër die maand in 'n handelsverklaring gesê hy het verskeie hangende eise "teen 'n groot kragprojek in die openbare sektor".

Die maatskappy het gesê hy jaag die eise na, maar het nietemin voorsiening gemaak vir R263 miljoen se verliese in dié verband.

Dit het die maatskappy se wins van verlede jaar in 'n verlies verander.

Schüssler sê Eskom sal in sy nuutste finansiële state realistiese voorsiening vir die kontrakteurseise moet maak wat die balansstaat nóg sal verswak en dit duurder maak om geld te leen.

Prof. Anton Eberhard, lid van die presidensiële taakspan oor Eskom, het die afgelope week by die African Utility Week in Kaapstad gesê Eskom is tegnies insolvent, berig **Liesl Peyper.**

Volgens Eberhard verwag Eskom 'n rekordverlies van "minstens R25 miljard" tot einde Maart 2019.

"Ten spyte van die meer as 500%-toename in elektrisiteitstariewe sedert 2007, genereer Eskom eenvoudig nie genoeg kontant om die rente op sy skuld te delg en sy vernaamste betalings by te bring nie."

Die regering kan nie bekostig om voete te sleep met die ontknoping van Eskom, wat pres. Cyril Ramaphosa in sy staatsrede vanjaar aangekondig het nie.

In Februarie vanjaar het Ramaphosa gesê Eskom sal in die toekoms drie afsonderlike eenhede - opwekking, transmissie en verspreiding - hê.

Die presidensiële taakspan maak sterk staat op die regering se wil en vermoë om weg te beweeg van steenkool na groen energie - iets waarteen vakbonde in die regerende alliansie ten sterkste gekant is.

Grové Steyn, 'n ekonoom in die taakspan, het by die konferensie verduidelik dat hulle hoop om tot R200 miljard se geld in die hande te kry deur 'n groen strategie, berig **Steve Kretzmann.**

Steyn het gesê daar is "groot belangstelling" in ontwikkelingsfinansiering vir groen energie uit Europa en Brittanje.

Hy hoop Eskom kan geld kry uit finansiering wat bestem is om klimaatsverandering teen te werk.

Dit is dus van kritieke belang dat Eskom sy koolstofspoor drasties moet verminder om beloon te word.

Die "groen" finansiering is teen koerse baie laer as wat Eskom tans kan beding.

Of Suid-Afrika die politieke wil gaan hê om meer groenkrag te gebruik, sal blyk uit die hersiening van die geïntegreerde hulpbronplan (IRP) wat al sedert 2017 sloer.

Jeff Radebe, minister van energie, het by die konferensie wéér belowe dit sal "binnekort" gepubliseer word.

Eberhard het op sy beurt gesê daar is geen verskoning daarvoor dat die IRP nog nie die lig gesien het nie. "Publiseer dit, al is dit nie volmaak nie. Dan kan ons ten minste vorentoe beweeg."

The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, without prior permission of the original publisher.